

# PolyMathic

Die beste eksamen voorbereiding  
Kry 20x vraestelle, 20x Memos en  
Videos waarin elke vraag stap-vir-stap  
verduidelik word vir slegs R25pm

Vir meer inligting gaan na:  
[PolyMathic.co.za](http://PolyMathic.co.za) of  
Whatsapp: 081 697 6555

**Lees asseblief die  
inligting op die  
volgende bladsy  
aandagtig deur!**

# Jou Handleiding

**Hierdie is jou “handleiding”, lees hom asseblief deeglik deur.**

1. Hierdie PDF bestaan uit 10 vraestelle en 10 memos.
2. Die vraestelle en memos is gerangskik as Vraestel 1/Bylae 1/Memo1/ Vraestel 2/Bylae 2/Memo 2 ens. Sommige vraestelle bevat ook 'n antwoordblad.
3. Voor elke vraestel is 'n blad wat aandui dat jy met 'n nuwe vraestel en memo begin.
4. Die voorblaaie en instruksies bladsy is verwyder om papier te spaar. Direk na hierdie bladsy is 'n enkele “tipiese” instruksies-blad.
5. Hierdie is vorige departementele vraestelle wat verniet beskikbaar is op die internet. Dit beteken dat daar foute is in die memos maar dat dit reg is in die video's. Dit beteken ook jy kan hierdie pdf deel maar nie verkoop nie (jy het nie hierdie pdf by ons gekoop nie – maar die video's).
6. Jy gaan die meeste baat vind by hierdie program as jy die vraestelle uitwerk asof jy in 'n eksamen sit (in die voorgeskrewe tyd en sonder hulp van jou handboek). Merk dit dan met die memos en kyk laastens die video's van die vrae wat jy nie verstaan nie.
7. Ek maak ook foute – daar is definitief foute wat deurglip. As jy dink iets is nie reg nie – kontak my! Jy het my nommer. Of klik op “questions and answers” op die kursus en laat weet my so.
8. Die belangrikste van alles kragtens jou subskripsie. Jy subskripsie hardloop van die dag wat jy gekoop het, tot die dag wat jy hom self kanselleer. Aan die einde van die jaar verwyder ek jou van die graad waarop jy tans is en plaas ek jou op die volgende graad. As jy kies om nie die subskripsie te stop deur die loop van jou skoolloopbaan nie moet jy steeds onthou om hom te stop aan die einde van Gr12 anders gaan jy verewig aanhou betaal!
9. As enigiets nie werk soos dis moet nie (bv. 'n video wil nie speel nie) laat weet my op WhatsApp of direk op die kursus. Moet asb. nie 'n Facebook comment gaan los iewers nie – dis onmoontlik om by hulle almal uit te kom.

# Instruksies en Inligting

1. Hierdie vraestel bestaan uit **X** vrae. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord VRAAG **F**, VRAAG **G**, VRAAG **H** en VRAAG **J** op die aangehegte ANTWOORDBLAAIE. Skryf jou sentrumnommer en eksamennummer in die spasies op die ANTWOORDBLAAIE neer. Lewer die ANTWOORDBLAAIE saam met jou ANTWOORDEBOEK in.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Jy mag 'n goedgekeurde sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) gebruik, tensy anders aangedui.
6. Toon AL die berekeninge duidelik aan.
7. Rond AL die finale antwoorde paslik af volgens die gegewe konteks, tensy anders aangedui.
8. Dui meeteenhede aan, waar van toepassing.
9. Kaarte en diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken NIE, tensy anders aangedui.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**PolyMathic**

**Vraestel I**

**Mei/Junie**

**Eksamen**

**PolyMathic**

JUNIE

TYD: 60 MIN

TOTAAL: 50

#### INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan VIER vrae.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Rond ALLE finale antwoorde toepaslik af volgens die gegewe konteks, tensy anders vermeld.
4. Toon meeteenhede, waar van toepassing.
5. ALLE berekeninge moet duidelik getoon word.
6. Skryf netjies en leesbaar

#### VRAAG 1

Jaco skryf in vir die Vaal Cycle Challenge. Hy gaan vir liefdadigheid ry. Om geld vir die organisasie vir wie hy ry in te samel, moet hy kaartjies verkoop teen R30 'n kaartjie. Mense wat kaartjies koop staan 'n kans om die volgende pryse te wen:

1<sup>ste</sup> prys: GoPro Hero 5  
2<sup>de</sup> prys: Biltongpak  
3<sup>de</sup> prys: R1000 geskenkbewys vir 'n kruidenierswinkel

- 1.1 As Jaco R1 800 gemaak het, hoeveel kaartjies het hy verkoop? (1)
- 1.2 Krista het 15 kaartjies gekoop. (1)
- a) Wat is die waarskynlikheid dat sy die eerste prys sal wen? (1)
- b) Wat is die waarskynlikheid dat sy die derde prys sal wen as sy nie die eerste of die tweede prys gewen het nie? (2)
- 1.2.3 Is dit moontlik vir Krista om meer as een prys te wen? Verduidelik. (2)

#### Vraag 2

2.1 Krista was gelukkig en het die 3de prys gewen – die geskenkbewys vir die kruidenierswinkel. Sy het dadelik 'n paar inkopies daarmee gaan doen. Beantwoord die volgende aan die hand van Krista se koopbewys (onder).

THE GENERAL STORE	
228 Main Rd Uppington Tel No: 055 683 1228 VAT NO 1345789075	
21-02-2013 10:15 CASHIER - Leroy Jenkins	
BREAD/BROWN	6.99 *
FRUIT JUICE/1 L APPLE	11.45
SAMP 500G	10.39 *
BAKED BEANS 250G TINS	2 @ 6.50
FROZEN HAKE 300G	35.00
POWDER MILK/200G	5 @ 3.45 *
ORANGES 1 KG	11.99 *
TOILET PAPER 2-PLY/8 ROLLS	43.99
POTATOES 500G	19.99 *
TOTAL	
CASH	200.00
CHANGE	
-----TAX INVOICE ----- 14% VAT VAT TOTAL -----VALID VAT INVOICE -----	

- 2.2.1. Wat is BTW (VAT)? (2)
- 2.2.2. Watter items is BTW uitgesluit en hoe weet jy? (2)
- 2.2.3. Wat is die totale bedrag van die aankope? (2)
- 2.2.4. Wat sal die totale bedrag van die aankope wees as BTW 15% is? (3)
- 2.2.5. Hoeveel sulke aankope sal Krista kan maak met haar geskenkbewys? Sal sy geld oor hê aan die einde? (3)
- 2.2.6. Hoeveel sal een kilogram aartappels kos by *The General Store*? (1)
- 2.2.7. As *The General Store* 'n spesiale aanbieding het waar klante 20% afslag kry op die aartappels, hoeveel sal een kilogram aartappels dan kos? (3)

2.2 VUL DIE ONDERSTAANDE TABEL IN OM DIE VERSKILLENDE FORMATE TE WYS WAARIN WAARSKYNLIKHEID UITGEDRUK KAN WORD. (SKRYF DIE LETTER NEER IN DIE TABEL EN DAN JOU ANTWOORD, BV. F. 50%)

Breuk (eenvoudigste vorm)	Desimale breuk	Persentasie
$\frac{3}{4}$	a	b
c	0,3	d
e	f	10%
g	h	90%
$\frac{1}{8}$	i	j

(10)

**VRAAG 3**

3.1 Austin is 'n graad 10-leerder. Hy besluit om penne te verkoop om ekstra sakgeld te verdien.

3.2 Indien die totale koste vir 'n pakkie van 12 penne R42,00 is, wat is die koste van elke pen?

3.3 Hy besluit om elke pen vir R5,00 te verkoop. Bereken die persentasie wins wat hy sal maak.


(2)

(3)

Jy kan die volgende formule gebruik:  $\% \text{ wins} = \frac{\text{Verkoopprys} - \text{Kosprys}}{\text{Kosprys}} \times 100\%$

**Vraag 4**

4.1 Die Cape Cycle Challenge is internasionaal bekend. Mense van reg oor die wêreld maak gebruik van die geleentheid om 'n vakansie in Suid Afrika te hou en die natuurskoon te beleef. Fabio is een so 'n persoon. Hy en sy gesin van 4 gaan vanaf Italië na Suid Afrika toe om die resies te kyk. Hy begin sy vakansie te beplan deur 'n kaart van Suid Afrika te bestudeer. Die kaart is 10 000 000 keer vergroot



4.1.1 Skryf die skaal van die kaart in die vorm 1: ... (1)

4.1.2 Fabio en sy gesin se vlug uit Italië land in Johannesburg, maar die resies is in Kaapstad. Gebruik die skaal om die afstand tussen die twee stede te skat. (2)

4.1.3 Fabio wil in sy tyd in Suid Afrika ook graag Port Elizabeth (PE) besoek. In watter rigting is PE van Kaapstad? (1)

- 4.2 Fabio wil geld spaar op vervoerkoste. Hy moet besluit of hy en sy gesin van Johannesburg na Kaapstad sal vlieg en of hulle eerder 'n kar moet huur. Hy kry die kostes van vliegtuigkaartjies asook motorhuur. As hy eers in die Kaap is, gaan hy saam met sy neef wat daar bly, rondry.

Vlug	Koste per kaartjie	Totale koste vir gesin
Johannesburg na Kaapstad	R1308	(a)
Kaapstad na Johannesburg	(b)	R3900
Totaal		(c)

Motorrit	Daaglikse Fooi	Fooi per km	Aantal kms	Aantal dae nodig
Johannesburg na Kaapstad	R350 vir die dag en 'n maksimum van 200km	Vir enige afstand meer as 200km betaal mens R1,80 per km	(d)	2
Kaapstad na Johannesburg	R400 vir die dag met 'n maksimum van 200 km	Vir enige afstand meer as 200km betaal mens R1,80 per km	(d)	1

Fabio en sy gesin sal op pad af Kaap toe in Colesberg oorslaap, maar op pad terug sal hulle direk tot in Johannesburg ry. Die plek waar hulle oorslaap kos R250 per persoon per nag. Hulle bereken ook dat hulle twee keer per rit sal moet petrol ingooi. Een tenk kos R450 om vol te maak.

- 4.2.1 Bereken (a)-(c). (3)
- 4.2.2 Bereken die totale koste verbonde aan 'n kar huur om in Kaapstad te kom. (5)
- 4.2.3 Watter raad sou jy aan Fabio en sy gesin gee rakend dié besluit? (1)

TOTAAL [50]

# Memo

1.1)  $1800 \div 30 = 60$  kaartjies

1.2) a)  $\frac{15}{60} = \frac{1}{4}$  (25%)

b)  $\frac{15}{58}$

1.2.3) Ja sy kan, sy het meer as 1 inskrywings

## Vraag 2

2.2.1. Dis die belasting wat die regering op sekere items toeleg.

2.2.2) Bread/Brown; Samp soog; Powder milk  
Oranges; Potatoes  
Hulle is gemerk met 'n asterisk (\*)

2.2.3) R170,05

2.2.4) Kosse van items met BTW  
 $= 11,45 + 13 + 35 + 43,99$   
 $= 103,44$

$\therefore$  Kosse voor BTW  $= \frac{103,44}{1,14}$   
 $= 90,74$

$\therefore$  Kost (15%, BTW)  $= 90,74 \times 1,15$   
 $= R104,35$

$\therefore$  Totaal  $= 170,05 + (104,35 - 103,44) = R170,96$

$$2.2.5 \quad \frac{1000}{17005} = S \quad \therefore \text{Sy sal s sulke aantekeninge maak en sal R } 149,75 \text{ oor hê}$$

$$2.2.6 \quad 2 \times 19,99 = R 39,98$$

$$2.2.7 \quad 0,8 \times 39,98 = \underline{R 31,98}$$

$$2.2) \quad a) 0,75$$

$$b) 75\%$$

$$c) \frac{3}{10}$$

$$d) 30\%$$

$$e) \frac{1}{10}$$

$$f) 0,1$$

$$g) \frac{9}{10}$$

$$h) 0,9$$

$$i) 0,125$$

$$j) 12,5\%$$

### Vraag 3

$$32) \quad 42,00 \div 12 = R 3,50$$

$$33) \quad \text{Inkomste} = 12 \times 5 = R 60$$

$$\therefore \frac{60 - 42}{42} \times 100 = \underline{42,86\%}$$

### Vraag 4

$$4.1.1 \quad 1:10 \text{ 000000}$$

$$4.1.2 \quad 17,5 \text{ km} \cdot 1750 \text{ km}$$

$$4.1.3. \quad \text{Oos}$$

$$4.2.1 \quad a) R 6540$$

$$b) R 780$$

$$c) R 10440$$

$$4.2.2 \quad (d) \text{ uit 4.1.2)}$$

$$\bullet \text{ huur na KS} = R 3130$$

$$\bullet \text{ huur na JB} = R 3190$$

$$\bullet \text{ Verblyf na JB} = R 1250$$

$$\bullet \text{ Petrol na JB} = R 900$$

$$\bullet \text{ Petrol na KS} = R 900$$

$$\text{Totaal} = R 9370$$

4.2.3 Prysverskil is nie groot genoeg om ekstra tyd te justify nie

**PolyMathic**

**Vraestel 2**

**Mei/ Junie**

**Eksamen**


**PolyMathic**

Totaal: 50

Tyd: 1uur

VRAAG 1

Die plan hieronder toon 'n inkoopiesentrum. Sommige van die winkels word met simbole beskryf. Die skaal van die plan is 1 : 400.



SLEUTEL:

	Familie Klerewinkel
	Meubelwinkel
	Aptek
	Gimnasium
	Skryfbehoeftes

	Beskrywing?
	Koffiewinkel
	Hardwarewinkel
	Selffoonwinkel
	Rekenaarwinkel

- 1.1 Verskaf 'n gepaste beskrywing vir winkel nommer een. (1)
- 1.2 Marc wil die kortste afstand vanaf hardwarewinkel na die bank toe stap. Skryf aanwysings neer van hoe Marc moet stap vanaf die oomblik wat hy die hardwarewinkel by **A** verlaat to by die ingang **B** van die bank. (4)
- 1.3 As die afstand op die plan vanaf A tot B 11,2 cm is, bereken die werklike afstand vanaf A tot B in m. (2)
- 1.4 Gebruik meting en die skaal van die plan om die werklike lengte (in m) van die meubelwinkel te bereken. (4)
- 1.5 Lewer kritiek op die nommerstelsel in die sentrum en stel 'n verbetering voor. (2)

## VRAAG 2

- 2.1 Die graad 10 leerders van Mabona Hoër wil fondse insamel vir liefdadigheid. Hulle besluit om gemmerkoekies te bak en te verkoop tydens sportgeleenthede. Die bestanddele van 'n resep asook 'n omskakelingstabel word hieronder getoon. Die leerlinge het slegs 'n gewone koppie en 'n teelepel om mee af te meet.

<p><b>BESTANDELE VIR 5 DOSYN GEMMERKOEKIES</b></p> <p>500g meel 125g botter 250g suiker 1 eier 250 g stroop <math>\frac{1}{2}</math> eetlepel gemaalde gemmer 10 ml koeksoda 125 ml melk <math>\frac{1}{4}</math> teelepel sout</p>		<p><b>Omskakelingstabel</b></p> <p>250 ml = 1 koppie 5 ml = 1 teelepel <math>2\frac{1}{2}</math> teelepels = 1 eetlepel 20 eetlepels = 1 koppie 250g botter/suiker/stroop = 1 koppie 250 g meel = 2 koppies</p>
---	---	---

- 2.1.1 Hoeveel koppies meel is nodig vir 5 dosyn gemmerkoekies? (2)
- 2.1.2 Hoeveel teelepels gemaalde gemmer is nodig vir 5 dosyn gemmerkoekies? (2)
- 2.1.3 Indien die leerders besluit om 10 dosyn gemmerkoekies te bak, hoeveel koppies botter sal nodig wees? (3)
- 2.2 Die leerders wil pakkies maak wat elk 6 gemmerkoekies bevat. Hulle maak 'n mengsel waarin hulle 'n halwe liter melk gebruik. Thabo bereken dat hulle 50 pakkies wat elk 6 koekies bevat, sal kan maak met die mengsel. Is Thabo reg? Staaf jou antwoord deur middel van berekening. (5)
- 2.3 'n Sokkerwedstryd by die skool het om 14:30 begin. Die eerste helfte was 45 minute lank en 4 minute is bygevoeg vir beserings voordat die halftydfluitjie geblaas is. Halftyd het 15 minutes geduur en die eindfluitjie na die tweede helfte is om 16:23 geblaas.
- Die kaptein van die verloorspan het gekla dat die tweede helfte korter as 45 minute was en dat sy span sodoende beroof is van 'n kans om die wedstryd gelykop te maak. Is die kaptein se beswaar geregverdig? Staaf jou antwoord met berekening. (5)

### VRAAG 3

Die hoof van Mabona Hoër het opgemerk dat daar heelwat lekkende krane op die skoolterrein is. Hy het Mbele Loodgieters gekry om dit te herstel. Hieronder is die faktuur van Mbele Loodgieters met sekere inligting uitgelaat.

Faktuur	
<b>MBELE LOODGIETERS</b>	
14 Mei 2013	
Reiskoste	R 120,00
Materiaal	80,00
Arbeid:	
R185,00 per uur	
= -----	-----
<b>TOTAAL:</b>	R



**SPAAR WATER!!**

Die hoof het die volgende tabel getrek om hom te help sin maak van die faktuur:

Tyd gewerk (in ure)	0	1	2	3	4	<b>B</b>
<b>Totale koste (in rand)</b>	200	385	570	<b>A</b>	940	1 310

- 3.1 Verduidelik hoe het die hoof die bedrag van R200 vir geen ure gewerk bereken. (2)
- 3.2 Skryf 'n formule neer wat gebruik kan word om die totale koste (C) vir die aantal ure gewerk (n) te bereken as die reis- en materiaalkostes dieselfde bly. (3)
- 3.3 Bereken die waarde van **A** in die tabel. (2)
- 3.4 Bereken die waarde van **B** in die tabel. (3)
- 3.5 Gebruik die ruitnet op die Bylaag om 'n lyngrafiek te teken van die inligting in die tabel. Benoem die asse duidelik en verskaf 'n opskrif vir die grafiek. (5)

- 3.6 Die munisipaliteit waar Mabona Hoër geleë is, het die volgende watertariefstelsel vir skole:

	<b>Tarief (R/ kl)</b>
Verbruik tot en met 200 kiloliter	13,81
Verbruik meer as 200 kl	14,81

Bereken die koste as die skool 354 kl water in 'n sekere maand verbruik. (4)


- 3.7 Behalwe om lekkende krane te herstel, noem een ander strategie wat die hoof kan gebruik om water te bespaar by die skool. (1)

**[20]**

**TOTAL [50]**

# Bylae

Vraag 3.5



# Memo

1.1) Kruidenierswarewinkel

1.2) Draai regs (Wes) as hy uitstap by A  
Stop verby winkel 32 en draai dan regs  
(Noord) by ingang 2. Stop tot by  
doodloop (winkel 16) draai links (Wes)  
loop verby 3 winkels (25, 26, 27) ATM (B)  
aan linker kant.

1.3) Afstand =  $\frac{11,2 \times 400}{100}$   
 $= 44,8 \text{ m}$

1.4)  $\frac{\text{Lengte van 31}}{100} \times 400$

1.5) Enigiets is reg.

bv. Nummer links en regs. (naw nr 30  
maet nr 2 wees). Nummer 29 maet  
nummer 12 wees es.

## Vraag 2

2.1.1) 4 koppies

2.1.2)  $2\frac{1}{2} \div 2 = 1\frac{1}{4}$

2.1.3) 1 koppie

2.2)  $500 \div 125 = 4$

Hulle maak dus  $4 \times 5 = 20$   
dosyn koekies.  
 $20 \times 12 = 240$  koekies  
 $240 \div 6 = 40$  sakkies  
Nee hy is nie reg nie  
 $40 \neq 50$

2.3) 14:30 Begin  
 + 00:45 1ste helfte  
 15:15  
 + 00:04 Besering  
 15:19  
 + 00:15 Halftye  
 15:34

∴ 16:23  
 - 15:34  
 00:49  
 Hy is verkeerd. 2de helfte was 49 min lank


### Vraag 3

3.1) Reiskoste + Materiaal

3.2)  $C = 200 + 185 \times n$

3.3)  $A = 200 + 185 \times 3$   
 $= R755$

3.4)  $1310 = 200 + 185 \times B$   
 $1110 = 185 \times B$   
 $B = 6 \text{ ure}$



∴  $K_1 = 200 \times 13,81 = R2762,00$       $K_2 = 154 \times 14,81 = R2280,74$

Totaal =  $K_1 + K_2$   
 $= R5042,74$

3.7) Graspak bespreiing in aand  
 'Bottels in toiletbakke.

→ enige manier waaraan jy kan dink!

**PolyMathic**

**Vraestel 3**

**Mei/ Junie**

**Eksamen**

**PolyMathic**

<b>Tyd / Time:</b> 1 uur / hour	<b>Totaal / Total:</b> 50 Punte / Marks
<b>Instruksies:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beantwoord al die vrae op die foliopapier.</li> <li>• Skryf netjies en leesbaar.</li> <li>• Nie-programeerbare sakrekenaars mag gebruik word.</li> <li>• Rond alle antwoorde af tot twee desimale syfers na die komma (tensy anders gemeld).</li> </ul>	<b>Instructions:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Answer all the questions on the folio paper.</li> <li>• Write neatly and legibly.</li> <li>• Non-programmable calculators may be used.</li> <li>• All answers must be rounded off to two decimal spaces (unless stated otherwise).</li> </ul>

**Vraag 1: [8]**

Michael is 'n plaasboer en woon op sy plaas. Daar is 'n dam om vol te maak. As ewe sterk pompe gebruik word om die dam te vul en drie pompe neem vier uur om die dam te vul. Beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Hoe lank sal dit ses pompe neem? (2)
- 1.2 As die dam binne een uur gevul moet word, hoeveel pompe word benodig? (2)
- 1.3 Gebruik die inligting en voltooi die tabel.

**Question 1: [8]**

Michael is a farmer and lives on his farm. There is a dam that needs to be filled. If pumps of equal strength are used to fill the dam with water and it takes three pumps four hours to fill the dam. Answer the questions that follow.

- 1.1 How long will it take six pumps? (2)
- 1.2 If the dam has to be filled in one hour, how many pumps would you need? (2)
- 1.3 Use the information and complete the table.

Aantal pompe / Number of pumps	2	3	4	6	12
Tydsduur / Time taken	<u>1.3.1</u>	4	<u>1.3.2</u>	<u>1.3.3</u>	<u>1.3.4</u>

(4)

/8/



**Vraag 2: [19]**

2.1 Michael se vrou wil haar ma se Rooswater Meringue tertjies bak, bestudeer die resep en beantwoord die vrae wat volg. Die resep maak vir 12 tertjies.

**Question 2: [19]**

2.2 Michael's wife wants to make her mother's Rose water Meringue tarts. Study the recipe and answer the questions that follow. The recipe makes 12 tarts.

<b>Rooswater Meringue tertjies</b>	<b>Rose water Meringue tarts</b>
12 Groot eierwitte 800 g strooisuiker 1 ½ teelepels Maizena (mielieblom) 1 ½ teelepels wit asyn 2 teelepels rooswater 250 ml geklopte room	12 Large egg whites 800g caster sugar 1 ½ teaspoons Maizena (corn starch) 1½ teaspoons white vinegar 2 teaspoons rose water 250 ml whipped cream

2.2.1 As 'n groot eier ongeveer 60,5 g weeg, hoeveel weeg 12 eiers? (1)

2.2.2 Hoeveel ml is 1 ½ teelepels? (1)

2.2.3 Bereken hoeveel van die volgende bestandele sal gebruik word as sy wil 48 tertjies maak: Eiers, strooisuiker, wit asyn en room. (4)

[6]

2.2 Bestudeer die pryse en bepaal hoeveel dit haar gaan kos om die resep van 12 tertjies te maak.

2.2.4 If a large egg weighs approximately 60,5g. How much will 12 eggs weigh? (1)

2.2.5 How much ml is 1 ½ teaspoons? (1)

2.2.6 Calculate how much of the following ingredients will be used if she wants to make 48 tarts: Eggs, castor sugar, white vinegar and cream. (4)

[6]

2.2 Study the prices below and calculate the total cost if she wants to make the recipe of 12 tarts.

<b><u>Prys van bestandele:</u></b> <b><u>Price of ingredients:</u></b>		
30 Eiers /Eggs	R57,89	
500 g Strooisuiker / Castor sugar	R14,49	
250 ml Mielieblom / Maizena	R13,90	
750 ml wit asyn / white vinegar	R6,99	
50 ml Rooswater / Rose water	R20,90	
1 l Room / Cream	R39,99	

[13]

/19/

**Vraag 3: [23]**

Michael sien die volgende twee advertensies in 'n koerant. Hy wil graag internet by die plaas kry. Bestudeer die advertensies en beantwoord die vrae wat volg.

(1)



**Question 3: [23]**

Michael sees the following two advertisements in a newspaper. He wants to get internet on the farm. Study the adverts and answer the questions that follow.

(1)



**(2) DATA SA**

Data Bundle Data bondel	Subscription p.month Subskripsie p. maand	Tariff Tarief
10MB	R10,00	R1/MB
100MB	R80,00	R0,80/MB
350MB	R169,00	R0,48/MB

**Hoe meer jy koop, hoe meer spaar jy! The more you buy, the more you save!**

Koste van modem R439 / Cost of modem R439

3.1 Waarom is die laaste lyn van die advertensies kleiner en ligter gedruk?

(2)

3.1 Why is the last line of the advertisement printed smaller and lighter than the rest?

(2)

3.2 Die formule hieronder word deur XPS gebruik. Waaroor staan die C en n?

(2)

3.2 The formula below is used by XPS. What does the C and n stand for?

(2)

$$C = 257 + 189,99n$$

3.3 Bereken die totale koste vir 350MB data by XPS na 12 maande.

(3)

3.3 Calculate the total cost of 350MB data at XPS after 12 months.

(3)

3.4 Skryf 'n formule om die totale koste van 350MB data bondel by DATA SA te bepaal.

(2)

3.4 Write down a formula to determine the total cost of the 350MB data bundle at DATA SA.

(2)

3.5 Bereken die totale koste van 350MB data bondel by DATA SA na 12 maande.

(2)

3.5 Calculate the total cost of the 350MB data bundle at DATA SA after 12 months.

(2)

3.6 Gebruik die formule;

$$Koste\ p.m = \frac{totale\ koste\ vir\ 12\ maande}{12}$$

en bereken dan die koste per maand vir 350MB data vir elk van die 2 advertensies.

(2)

3.7 Gebruik jou antwoord in 3.6 en bereken die werklike tarief per MB vir beide van die advertensies.

(4)

3.8 Watter een van die verskaffers se 350MB data bondels werk die goedkoopste uit?

(2)

3.9 By DATA SA mag jy net een data bondel per maand aflaai. As jy meer MB as wat die bondel is gebruik, betaal jy R2 vir elke ekstra MB. As jy 150MB per maand gebruik, watter opsie sal die goedkoopste uitwerk (100MB of 350MB)? Toon alle berekeninge.

(4)

3.6 Use the formula:

$$Cost\ p.m = \frac{total\ cost\ for\ 12\ months}{12}$$

and calculate the cost per month for 350MB data for both the advertisements.

(2)

3.7 Use your answer in 3.6 and calculate the actual tariff per MB for both advertisements.

(4)

3.8 Which one of the two suppliers is the cheapest with their 350MB data bundle?

(2)

3.9 At DATA SA you may only download one data bundle per month. If you require more MB than that available in the bundle you pay R2 extra for each MB. If you use 150MB per month, which option will be cheaper (100MB or 350MB)? Show all your calculations.

(4)

/23/

**Totaal / Total: 50**

# Memo

1.1.  $6 \div 3 = 2.$

$\therefore 4 \div 2 = 2$  ure

1.2)  $4 \times$  vinniger

$\therefore 4 \times 3 = 12$  pompe

1.3.1  $4 \times \frac{3}{2} = 6$  ure

1.3.2  $4 \times \frac{3}{4} = 3$  ure

1.3.3 2 ure

1.3.4 1 uur

## Vraag 2

2.2.1)  $12 \times 60,5 = 726$  g

2.2.2)  $1\frac{1}{2} \times 5 = 7,5$  ml

2.2.3) Eiers:  $\frac{45}{12} \times 12 = 45$

Suiker:  $\frac{45}{12} \times 800 = 3200$  g

Asyn:  $\frac{45}{12} \times 1\frac{1}{2} = 6$  teelepels

Room  $\frac{45}{12} \times 250 = 1000$  ml (1L)

2.2) R57,89 (eiers)

R14,49 x 2 (Suiker)

R13,90 (Mazena)

R6,99 (Asyn)

R20,90 (Water)

R39,99 (Room)

Tot: R168,65 (Dis hoewel sy spandeer maar sy jaan baie bestandele oor h2)

Eiers:  $\frac{12}{20} \times 57,89 = R23,16$

Suiker:  $\frac{800}{500} \times 14,49 = R23,18$

Mazena:  $\frac{7,5}{250} \times 13,90 = R0,42$

Asyn  $\frac{7,5}{750} \times 6,99 = R0,07$

Water  $\frac{10}{50} \times 20,90 = R4,18$

Room  $\frac{280}{1000} \times 39,99 = R10,00$

R61,01

← Hier is hoewel 12 haar kos

↑ Koste van bestandele vanaf winkel.

↓ 12 tertjies

### Vraag 3

3.1) Dis ekstra kostes wat hulle hoop jy mis gaan lyk.

3.2)  $C \rightarrow$  Totale koste  
 $n \rightarrow$  Tyd (aantal maande)

$$3.3) C = 257 + 189,99(12) \\ = R2536,88$$

$$3.4) C = 439 + 169 \cdot n \\ = R2467,00$$

$$3.5) C = 439 + 169 \cdot n$$

$$3.6) \text{ Opsie 1: } K = \frac{2536,88}{12} = R211,41 \\ \text{ Opsie 2: } K = \frac{2467}{12} = R205,58$$

$$3.7) \text{ Opsie 1: } MB = \frac{211,41}{360} = R0,60 \\ \text{ Opsie 2: } MB = \frac{205,58}{360} = R0,59$$

3.8) Data SA

$$3.9) 100 \text{ opsie} = R80 + 50 \times 2 \\ = R180$$

$\therefore$  350 MB opsie @ R169 pm is goedkoper as R180  
\* Jy hoef nie weer al die ander berekeninge te doen nie.  
Die aansluiting / Modem kostes is dieselfde vir die 2 opsies.

PolyMathic

Vraestel 4

Mei/Junie

Eksamen

PolyMathic

**Totaal: 50**  
**Tyd: 1uur**

**VRAAG 1**

1.1 Mev. Ferry 'n onderwyser by Sunhill sekondêre skool, is die trompoppie afrigter. Die span het die kompetisie gewen en moet Noordwes provinsie in die nasionale kompetisie in Julie in Durban gaan verteenwoordig. Die skool het besluit om 'n nuwe uniform te koop, Mev. Ferry het die volgende advertensie aanlyn gesien waar die winkel 20% afslag op alle gemerkte pryse aanbied of verkoopspryse behalwe die hoed.



- 1.1.1 Hoeveel sal die verkoopsprys wees as elke rok R350.00 kos? (2)
- 1.1.2 Veronderstel sy koop 20 rokke vir die span drie rokke vir reserwes wat nie Afslag kry nie, wat sal die totale prys wees? (3)
- 1.1.3 Die Trommies hoed (busbie) kos R500 en die skool subsidieer elke spanlid met 23% om die hoed te kan koop. Hoeveel moet elke spanlid betaal? (3)
- 1.2 Na die kompetisie besluit drie vriende (Remo, Palesa en Patience) om uit te gaan vir ete by 'n sekere restaurant en hulle besluit om die rekening te deel volgens die koste van dit wat hulle geëet het. Die totale koste is R360.00 en hulle deel dit in die verhouding 1: 2: 3 onderskeidelik. Hoeveel moet elkeen betaal? Is dit regverdig om die rekening in hierdie verhouding te verdeel? Regverdig jou antwoord. (4)

[12]

## VRAAG 2

2.1 Mev. Ferry bak gewoonlik pannekoeke en verkoop dit gedurende die trompopie kompetisie om vondsse vir die span bymekaar te maak. Die resep hieronder is vir 6 mense maar sy wil 30 mense bedien.

### Pannekoek mengsel



### Maak 6

- 110 g meel, gesif
- Knippie sout
- 2 eiers
- 200 ml mengsel met 75 ml water
- 50 g botter

- 2.1.1 Bereken die hoeveelheid pannekoeke wat Mev. Ferry kan maak as sy 600 g meel en meer as genoeg van die ander bestandele het. Rond jou antwoord af tot die naaste tien. (3)
- 2.1.2 Sal sy 30 mense kan bedien? Regverdig jou antwoord. (2)

2.2 Mev. Ferry gebruik 'n huurmotor na die winkelkompleks waar sy die bestandele vir die pannekoeke koop. Bustudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:


Huurmotor spoed (km/h)	20	40	60	80	.....	<b>b</b>
Tyd geneem (ure)	12	6	4	<b>a</b>	.....	2

- 2.2.1 Watter soort verhouding word in die tabel geïllustreer? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 2.2.2 Bepaal die formule wat die verhouding tussen "Huurmotor spoed" en "Tyd geneem" aantoon. (2)
- 2.2.3 Bereken die ontbreekte waardes van **a** en **b**. (2)

[11]

### VRAAG 3

3.1 Die diagram hieronder is floerplan plan van 'n bioskoop in Johannesburg



3.1.1 Watter ry is die vërste van die skerm? (2)

Mev Ferry wil saam met 3 vriende gaan, sy het laat by die bioskoop aangekom en die sitplekke was beperk, hulle het die volgende drie opsies ontvang:

**Opsie 1 – G17, F17, F16, F15**

**Opsie 2 – E1, E2, H4, H3**

**Opsie 3 - L5, L2, K13, K8**

3.1.2 Watter opsie sal jy kies? Gee 'n rede vir jou antwoord en verduidelik

hoekom jy nie die ander twee opsies kies nie. (4)

3.1.3 Watter sitplek sal die beste wees vir iemand wat in 'n rolstoel is? Verduidelik

jou antwoord. (2)

- 3.2 Mev. Ferry en haar vriende het drie fliks gekyk omdat daar 'n spesiale aanbieding was, as jy vir twee fliks betaal kan jy die ander een verniet kyk. Berrken die tyd wat verloop het (in ure en minute) as hulle in die bioskoop gebly het vanaf 14:20 tot 18:57. (4)

[12]

#### VRAAG 4

- 4.1 Die tabel hier onder is Mev Ferry se huishoudelike begrooting vir Junie maand.

Bustudeer die inkomste en uitgawe staat en beantwoord die volgende vrae:

	INKOMSTE	UITGAWES
<b>Salaris</b>	R15 500,00	
<b>Huur</b>		R4 500,00
<b>Vervoer</b>		R750,00
<b>Kruideniersware</b>		R3 500,00
<b>Water</b>		R340,00
<b>Electrisiteit</b>		R800,00
<b>Telefoon</b>		R300,00
<b>Skoolfonds</b>		R1 230,00
<b>Besparings</b>		R500,00
<b>Mediese uitgawes</b>		R550,00
<b>Ontspanning(Sosiaal)</b>		R1 000,00

- 4.1.1 Wat is die totaal begrootint vir Mev. Ferry se huishouding? (2)
- 4.1.2 Wat kan die Ferry gesin doen met die oorblywende geld? Gee twee redes. (2)
- 4.1.3 Die electrisiteit het verhoog met 19%. Al die ander uitgawes bly dieselfde en die Huishouding se inkomste verhoog nie. Sal die inkomste nog steeds groter as die uitgawes wees? Toon al jou bewerkings. (3)
- 4.1.4 Bereken die persentasie van die salaries wat op kruideniersware spandeur word? (2)

- 4.2 Mev Ferry besluit om vir haar kinders sjokolade te koop. 'n Boks sjokolade bevat 20 sjokolades waarvan 8 wit sjokolades is en 12 donker sjokolades is. Die sjokolades is n mengsel van harde en sagte binneste. Gebruik die tabel hier onder om die volgende vrae te beantwoord. 'n Sjokolade word nou blindweg gekies vanuit die boks:

	Wit sjokolade	Donker sjokolade	Totaal
<b>Harde binneste</b>	3	4	<b>b</b>
<b>Sagte binneste</b>	<b>a</b>	8	13
<b>Totaal</b>	8	12	20

4.2.1 Bepaal die vermiste waardes van a en b. (2)

4.2.2 Wat is die waarskeiulikheid om 'n sjokolade met 'n sagte binneste te kies?  
(Antwoord as 'n breuk in sy eenvoudigste vorm) (2)

4.2.3 Wat is die waarskeiulikheid om 'n wit sjokolade met 'n sagte binneste te kies?  
(Antwoord as 'n desimaal) (2)

**[15]**

# Memo

[ Rooi is foute op departement se vraestel ]

## Vraag 1

1.1.1)  $\frac{80}{100} \times 350 = R280$

1.1.2)  $R280 \times 20 + 3 \times 350$   
 $= R6650,00$

1.1.3)  $\frac{23}{100} \times 500 = R115$

:  $500 - 115 = 385$   
 elken betaal R385

1.2)  $1 + 2 + 3 = 6$  dele

Remo:  $\frac{1}{6} \times 360 = R60$

Palesa:  $\frac{2}{6} \times 360 = R120$

Patience:  $\frac{3}{6} \times 360 = R180$

~~Now, dit moet gelyk gedeel word~~

Ja, dis reg (foute op departement se memo)

## Vraag 3

3.1) Ry n

Opsie 1)

3.2) Opsie 2. Twee vriende kan langs mekaar sit ( $E_1$  &  $E_2$ ). Met opsie 4 gaan 1 vriend op sy eie sit en met opsie 3 gaan almal apart sit

3.3)  $D_1 - D_4 \times 9$  of  $E_1 - E_4 \times 9$

→ Akkomodeer die rolsteal.

3.4) 14:20 - 15:00 (40 min)  
 15:00 - 18:00 (3 ure)  
 18:00 - 18:57 (57 min)  
 Totaal = 4 ure 37 min

## Vraag 2

2.1.1)  $110g \quad b = 600g \therefore \frac{600}{110} = 5,45$

$1100x = 600 \times 6$   
 $x = 3600 \div 110$   
 $= 32,73$

~~33 panneloek~~ 32 pannel.  
 foute op departement se memo

2.1.2) Ja, sy sal 30 merse kan bedien en sal  $\frac{3}{2}$  oor hê

2.2.1) ~~Indirek~~ (Invers) verhouding. Daar is 'n konstante produk tussen die afhanklike en onafhanklike veranderlikes

2.2.2)  $\text{Spoed} \times \text{tyd} = 240 \text{ km} = a$

2.2.3)  $a = \frac{240}{80} \quad b = \frac{240}{2}$   
 $= 3 \quad = 120$   
 $(S = \frac{240}{t})$

## Vraag 4

4.1.1)  $4500 + 3500 + 240 + 800 + 300 + 550 + 1000$   
 $+ 750 + 500 = R13470$

4.1.2) R2030 kan gespaar word vir onbeplande uitgawes. Gebruik om iets te koop wat regtig benodig word

4.1.3)  $T = \frac{19}{100} \times 800$   
 $= R152$   
 $U = 13470 + 152$   
 $= R13622$

Ja, Inkomste > uitgawes

4.1.4)  $\text{Kruisdiens} = \frac{2500}{15500} \times 100 = 22,56\%$

4.2.1)  $a = 13 - 8 = 5 \quad b = 3 + 4 = 7$

4.2.2)  $P(\text{sag}) = \frac{500}{1300} = \text{Totaal} = \frac{13}{20}$

4.2.3)  $P(\text{wit, sag}) = \frac{5}{1300} = \text{totaal}$   
 $= \frac{5}{20}$  of  $\frac{1}{4}$  of  $0,25$

PolyMathic

Vraestel 5

Mei/Junie

Eksamen

PolyMathic

## VRAAG 1

Die tabel hieronder bevat inligting oor Vodacom Top UP Selfoon pakkette:

Pakket		Top UP
Huishoudelike oproepe	Spitstyd / na spitstyd	Tarief per minuut
Vodacom na Telkom	Spitstyd	R2,20
	Na spitstyd	R0,97
Vodacom na Vodacom	Spitstyd	R1,80
	Na spitstyd	R0,97
Vodacom na ander SA selfoon netwerke	Spitstyd	R2,75
	Na spitstyd	R1,05

**NB:** Spitstye: Monday to Friday: 8:00 – 20:00

1.1 Gebruik die inligting in die tabel om die volgende vrae daarvoor te beantwoord:

1.1.1 Watter huishoudelike oproep is die goedkoopste vir beide spitstyd en na spitstyd? (2)

1.1.2 Bereken die koste van 'n oproep wat om 13:00 gemaak is en 4 minute geduur het na 'n Telkom nommer. (2)

1.1.3 As dieselfde oproep wat in vraag 1.1.2 gemaak is omt 21:00 was, hoeveel sou jy gespaar het? (3)

1.1.4 Die koste van 'n oproep wat na 'n ander Vodacom foon nommer gedurende spitstyd gemaak was is R12,60. Hoe lank het die oproep geduur? Gee jou antwoord in sekondes. (2)

1.1.5 Skryf die verhouding neer van die tarief per minuut van na spits ure oproepe van Vodacom : tot ander SA Selfoon netwerke neer. (2)

1.2 Die onderstaande selffoon het 'n lengte van 162,8 mm en 'n breedte van 82,5 mm.  
Die skaal is gegee as 1:4.



Bereken die werklike lengte en breedte van die selffoon en skryf jou antwoord in sentimeters.

(4)

[15]

## VRAAG 2

Andy and Graham is entoesiastiese rugby ondersteuners en hulle al twee ondersteun die Blou Bulle, wie se hoofkwartiere in Pretoria is. Die twee vriende besluit om Saterdag na Loftus Stadion te gaan om die wedstryd van die Bulle te gaan sien in Pretoria. Hulle het hulle kaartjies gekoop vir die wedstryd en is reg om na die Stadion te reis.



- 2.1 Bestudeer die inligting op **BYLAAG A en B**, van die Loftus Stadion plan, asook die weervoorspelling van Saterdag om die volgende vrae daarvoor te beantwoord:
- 2.1.1 Hoeveel ingangshekke word op die Plan van Stadion voorgestel? (2)
- 2.1.2 Andy het 'n kaartjie in blok O, en Graham het 'n kaartjie vir 'n sitplek in blok WW. Graham se pa gaan hom in die straat die naaste aan sy sitplek aflaai. Identifiseer die naam van die straat. (2)
- 2.1.3 Beskryf die posisie van blok O in terme tot blok WW. (2)
- 2.1.4 Albei vriende het ook kaartjies vir sitplekke in blok R. Die bus sal hulle aflaai in die aflaaione buite hek 9. Hulle sal die stadion in gaan by hek 9. Skryf vir die twee vriende volledige instruksies neer oor hoe om by hulle sitplekke uit te kom neer. (3)

- 2.2 Andy en Graham bestudeer die aangehegte weervoorspelling vir Saterdag.
- 2.2.1 Andy sê aan Graham dat daar omtrent een vyfde kans is vir reën in die Vrystaat vir Saterdag is. Is dit dieselfde voorspelling wat op die kaart gemaak is? Verduidelik jou antwoord. (3)
- 2.2.2 Wat is die kanse van reën in die Limpopo Provinsie? Skryf jou antwoord in 'n breukvorm neer. (2)
- 2.2.3 Die voorspelling vir reën in die Vrystaat is gegee as 20%. Daar was 'n 100% verhoging van reën van die vorige dag af. Bereken die voorspelling van reën vir die vorige dag. Toon alle berekeninge (3)
- 2.2.4 Verduidelik hoekom die kans vir Limpopo om reën te kry groter is. (2)
- 2.2.5 Wat dink jy is die kanse van reën oor die dele van die kaart wat nie met wolke gemerk is nie? (2)
- 2.2.6 Graham stel voor dat hulle maar sambrele en reënjasse sal moet saam vat na die rugbywedstryd toe. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (3)

### VRAAG 3

'n Groep studente beplan om kolwyntjies te verkoop by die Saterdag mark. Die resep hier onder gegee lewer omtrent 30 kolwyntjies

2 Eiers

125 ml Kookolie

375 ml Bruin Suiker (300g)

500 ml Melk

300g Volgraan meel


375 ml Koekmeel

5 ml Sout

5 ml Vanilla geursel

10 ml Koeksoda

250ml Rosyntjies (150g)



- 3.1 Die student gaan van koppies en lepels afmeet apparate gebruik maak om hulle bestandele mee af te meet. Die prentjie hierbo wys die grootte van die verskillende koppies en lepels groottes wat gebruik kan word:

**Tabel 1: Resep omskakelings**


Bestandele	Afmetings op resep	Koppie/s, Eetlepel of Teelepel
Kookolie	125ml	½ Koppie
Bruin Suiker	375ml	1 ½ Koppies
Melk	500ml	2 Koppies
Volgraan meel	300g	1 ½ Koppies
Sout	5ml	1 teelepel
Vanilla geursel	5ml	1 teelepel
Koeksoda	10ml	2 teelepel
Rosyntjies	250ml	1 Koppie

- 3.1.1 As die studente 150 kolwyntjies wil maak, hoeveel vol liters melk moet hulle koop? (3)
- 3.1.2 Die rosyntjies word verkoopn 200g sakkies. Hoeveel sakkies rosyntjies sal hulle benodig om 150 kolwyntjies te maak? (4)
- 3.2 Een van die studente is gestuur na Love – More Supermarkt om die melk en eiers te gaan koop. Een liter melk kos R11,09, as die prys van die melk verhoog met 2,5%, wat sal die nuwe prys van 'n een liter melk wees, rond jou antwoord af tot die naaste rand. (Doen liever as 25% verhoging) (4)


# Bylae

BYLAAG A

## LOFTUS STADION



## BYLAAG B: WEERVOORSPELLING VIR SATERDAG



SLEUTEL : ★ [VOLLE SONSKYNDAG]

Provinsie	Reënval %
Vrystaat	20 %
Limpopo	40 %
Wes Kaap	25 %

# Memo

Hierdie memo het heelwat foute maar hulle is reg gemaak

VRAAG 1[15]			
Vraag	Oplossing	Verduideliking	Level
1.1.1	Vodacom na Vodacom✓✓	2 puntevirantwoord	L2
1.1.2	<b>R2.20 x 4 = R8,80</b>	1 puntmetode 1 puntpunt 1 puntantwoord	L3
1.1.3	4* R0,97✓ = R3,88 R8,80- R3,88✓ = R4,92✓	1 puntmetode 1 puntvervanging 1 puntantwoord 1 puntviropinie. rede	L4
1.1.4	R12,60/R1,80✓ =7 min 7 min *60✓ = 420 sek✓	1 puntverdelingmet R 1,80 1 puntviromskakeling 1 puntvirantwoord	L3
1.1.5	R 2,75 : R 1,05	2 puntevirantwoord	L2
1.2	<b>Hier is 'n fout in die vraestel - sien video.</b>		
			[15]

VRAAG 2 [24]			
Vraag	Oplossing	Verduideliking	Level
2.1.1	12 inganghekke ✓✓RG	2 puntevirkorrekteantwoord	L2
2.1.2	Lynwood Road ✓✓	2puntevirkorrekteantwoord	L2
2.1.3	Na die linkerkant toe ✓✓	2puntevirkorrekteantwoord	L2
2.1.4	Loop deurhek 9na die speelgronde/veld. Naby die einde van die speelgronde/veld draai regs en gaan reguitaan met die speelgrond/veld aanjou linkerkant. Wanneer jy die einde van die grondbereik by die noordelike doelskoppaledraai dan links en loop reguitaan met die wit "touch" lynaanjou linkerkant. By die einde van die veld draai links en gaan reguitaan met die veld aanaanjou linkerkant. die Pstplek groep is aanjou regterkant net na die 22 lyn. ✓✓✓✓✓A	5puntevirinterpretasie van plan.  links, regs ens. en bakens	L4
2.2			
2.2.1	$20\% = \frac{20}{100}$ vereenvoudig = $\frac{1}{5}$ ✓ Mjadit is ✓✓O	1 punteviruitdrukking % as normale breuk 2 puntevir opinie gebaseer op breuk	L2
2.2.2	$40\% = \frac{40}{100}$ ✓ vereenvoudig = $\frac{2}{5}$ ✓A	1 puntevir breuk 1 puntevir korrekte antwoord	L2
2.2.3	$\frac{20}{1} \times \frac{100}{200}$ ✓ M = 10% ✓✓A	1 puntevir breuk 2 puntevir korrekte antwoord	L2
2.2.4	<b>Onmoontlik om te antwoord</b>		
2.2.5	0, nul, ✓A	1 puntevir korrekte antwoord (1)	L2
2.2.6	Gauteng het geen reënvooruitsig nie. ✓ vollesonskyn so jahy is verkeerd. ✓✓O so stem miesaamnie	1 puntevir antwoord 2 puntevir rede/opinie	L3
			[24]

VRAAG 3 [11]			
Vraag	Oplossing	Verduideliking	level
3.1.1	<p>Melkbenodigvir 1 baksel (30 kolwyntjies) = 500 ml</p> <p>Melkbenodigvir 5 baksels (150 kolwyntjies) = 500 ml <math>\times</math> 5 ✓ M</p> <p>= 2 500ml = 2,5 ml ✓</p> <p>= 3 volliters ✓ CA</p>	<p>1M</p> <p>1 omskakeling</p> <p>1 antwoord</p>	L3
3.1.2	<p>Vir 30 kolwyntjies, 150g wordrosyntjiesbenodig</p> <p>Vir 150 kolwyntjies (150*5g) = 150g ✓ 150 g rosyntjiesword benodig.</p> <p>200g*4 = 800g ✓</p> <p>Number of bags needed is 4 ✓</p>	<p>1M</p> <p>1 korrekteberekening</p> <p>1 antwoord</p>	L2
3.2	<p><del>25%</del> R11,09</p> <p>25/100 *R11,09 ✓</p> <p>= R2,77 ✓</p> <p>Nuwe prys van melk</p> <p>= R11,09 + R2,77</p> <p>= R13,83 ✓</p> <p>Naaste rand = R14,00 ✓</p>	<p>1M</p> <p>1 punt vir korrekteberekening van prysverhoging</p> <p>1 optel</p> <p>1 omskakeling</p>	<p><b>As jy die gedoen het met 2,5% ipv 25%:</b></p> <p><b>2.5/100*11,09 = R0,28</b></p> <p><b>Nuwe Prys</b></p> <p><b>= R11,09 + R0,28</b></p> <p><b>= R11,37</b></p> <p><b>Afgerond tot naaste R</b></p> <p><b>= R11,00</b></p>
			<b>TOTAAL = 50</b>

PolyMathic

Vraestel 6

Okt/Nov

Eksamen

PolyMathic

**Totaal: 75**

**Tyd: 90min**

**VRAAG 1**

- 1.1 Duanita werk as 'n redaktrise vir die 'The Correct Language Company'. Sy ontvang 'n basiese salaris elke maand. Die getal op die salarisstrokie dui die aantal maande aan wat sy vir die maatskappy werk. Hieronder is 'n afskrif van Duanita se salarisstrokie vir Februarie 2018.


<b>SALARISSTROKIE</b>			
Werknemer se naam: Duanita Verwey			
Identiteitsnommer: 8903305432083			
Huwelikstatus: Ongetroud			
Belasting verwysingsnommer: 987234560			
Bankrekeningnommer: 24681XXXX			
Salarisstrokienummer: 75			
Betaaldatum: 25 Februarie 2018			
<b>Verdiens</b>		<b>Aftekings</b>	
Basiese Salaris	__ <b>(B)</b> __	Belasting	R2 923,25
		WVF	R224,00
		Mediese Fonds	R1 182,00
		Pensioen	R1 875,00
Bruto Salaris	__ <b>(B)</b> __	Totale aftekings	__ <b>(A)</b> __
		Netto salaris	R18 795,75

Gebruik die salarisstrokie hierbo om die onderstaande vrae te beantwoord.

- 1.1.1 Bepaal die ontbrekende waardes van **A** en **B** onderskeidelik. (4)
- 1.1.2 Toon met die nodige berekeninge dat die aftrekking vir Pensioen 7,5% is. (2)
- 1.1.3 Bepaal die aantal jare en maande wat Duanita vir hierdie maatskappy werk. (4)
- 1.1.4 Hoekom dink jy is daar sekere van die syfers van die rekeningnommer weggelaat? (2)
- 1.1.5 Duanita word 'n verhoging van 6,4% aangebied. Sy beweer dat haar netto salaris van Maart R1 000 meer sal wees as haar netto salaris van Februarie. Verifieer, met die nodige berekeninge, of haar bewering geldig is of nie.

**LET WEL: Haar belasting verhoog met R175,00, die pensioen met R120,00 verhoog en die mediese fonds en WVF bly onveranderd.** (7)

- 1.2 Duanita wil 'n tuinboks agter haar huis hê om kruie in te plant. Sy besluit om die tuinboks hieronder te koop.



Verwys na die bostaande tuinboks om die vrae te beantwoord.

- 1.2.1 Bereken die oppervlakte van die basis van die tuinboks. Gee jou finale antwoord in vierkante meter ( $m^2$ ).  
Jy mag die volgende formule gebruik:

$$\text{Oppervlakte} = \text{lengte} \times \text{breedte} \quad (3)$$

- 1.2.2 Die tuinboks kan nie tot heelbo met sand gevul word nie. Die tuinboks kan slegs tot 75% van sy hoogte gevul word. Bereken die hoogte van die sand in die tuinboks tot die naaste sentimeter.

(3)  
[25]

## VRAAG 2

- 2.1 Water het 'n kritiese kwessie in Suid-Afrika geraak, veral in die Wes-Kaap en die Oos-Kaap, waar damvlakke oor die afgelope paar jaar geweldig gedaal het. Hieronder is 'n tabel wat die hoof toevoerdamme in die Wes-Kaap aantoon.

**TABEL 1:**

**Waterberging in hoofdamme waaruit die Wes-Kaapse watertoevoerstelsel bestaan:**


Hoofdamme	Kapasiteit (Mℓ) Megaliter	Berging				
		%	%	%	%	%
		25 Junie 2018	25 Junie 2017	25 Junie 2016	25 Junie 2015	25 Junie 2014
Bergrivier	130 010	67,8	36,5	38,7	60,0	100,2
Steenbras Laer	33 517	46,5	30,2	37,1	55,4	72,6
Steenbras Boonste	31767	96,5	60,6	65,8	57,4	101,3
Theewaterskloof	480 188	30,4	18,6	33,9	54,9	98,5
Voëlvlei	164 095	37,6	18,4	27,4	39,2	81,6
Wemmershoek	58 644	71,2	37,5	50,1	53,2	89,8
Totale berging	898 221	383 263	218 433	320 741	474 301	846 413
% Berging		<b>A</b>	24,3	35,7	52,8	94,2

**\*Die laaste 10% van 'n dam se water is moeilik om te gebruik, so die bruikbare water in die dam is ongeveer 10% minder as die damvlak.**

Gebruik TABEL 1 hierbo om die onderstaande vrae te beantwoord.

- 2.1.1 Bepaal die waarde van **A** (die persentasie berging vir 25 Junie 2018). (2)
- 2.1.2 Beskryf 'n moontlike tendens vir die periode in terme van die totale water gestoor. (3)
- 2.1.3 Gee EEN moontlike rede vir die lae damvlakke vanaf 2015 na 2017. (2)
- 2.1.4 Bereken die gemiddelde persentasie van die damme in 2016. (3)
- 2.1.5 Bereken die waarskynlikheid dat 'n dam 45% of meer water op 25 Junie 2018 gestoor het. Skryf jou finale antwoord tot 3 desimale plekke. (4)

- 2.2 Mervyn het 'n watertenk gekoop om water te stoor. Bestudeer die diagram van die watertenk hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Die watertenk het die volgende afmetings:

**Deursnee = 1 500 mm**

**Hoogte = 1 820 mm**

Jy mag die volgende formule en omskakeling gebruik:


**Volume** =  $\pi \times \text{radius} \times \text{radius} \times \text{hoogte}$ ; waar  $\pi = 3,142$

**Omskakeling:**  $1\text{cm}^3 = 1\,000$  liter

Die kapasiteit van die watertenk word as 3 000 liter geadverteer. Vervolgens, bereken die kapasiteit deur gebruik te maak van die afmetings en verklaar die verskil tussen die geadverteerde kapasiteit en die kapasiteit wat jy bereken het.

### VRAAG 3

3.1 Jona koop 'n sandput vir sy 4-jaar-oue dogter, Jaimee, en sit dit in sy agterplaas. Hieronder is 'n diagram van die sandput met afmetings.



Verwys na die diagram van die sandput om die onderstaande vrae te beantwoord.

3.1.1 Jona vind 'n spasie vir die sandput, maar neem slegs die omtrek van die basis van die sandput in ag. Bereken die omtrek van die basis van die sandput. Gee jou finale antwoord in meter.

Jy mag die volgende formule gebruik:

$$\text{Omtrek} = 2 \times \text{lengte} + 2 \times \text{breedte} \quad (3)$$

3.1.2 Die sand wat Jona in die sandput wil sit, kan slegs 80,5% van die hoogte van die sandput dek. Bepaal die hoogte van die sand in die sandput tot die naaste sentimeter. (2)

3.2 Jona se dogter Jaimee woon 'n kleuterskool by. Die volgende is 'n vloerplan van die kleuterskool.

Bestudeer die vloerplan en antwoord die vrae wat volg.



3.2.1 Jona se bure wil ook hul 6-jaar-oue seun by Jaimee se kleuterskool inskryf. Gee bewyse vanaf die vloerplan wat wys of die kleuterskool hul seun sal aanvaar. (2)

3.2.2 Maak die kleuterskool voorsiening vir gestremde kinders? Staaf jou antwoord met bewyse vanaf die vloerplan. (2)

3.2.3 Gee EEN moontlike rede waarom die 3 maande tot 1-jaar oud en 1-jaar tot 2-jaar oud kinders se klaskamers ver weg van die 2-jaar tot 5-jaar oud klaskamers geleë is. (2)

3.3 Die kleuterskool se fooie is soos volg gestruktureer:

OUERDOM	FOOI PER MAAND
3 maande tot 1 jaar en 6 maande	R1 050
1 jaar en 7 maande tot 3 jaar en 6 maande	R820
3 jaar en 7 maande tot 5 jaar	R550

3.3.1 Gee EEN moontlike rede waarom die fooie vir 3 maande tot 1 jaar en 6 maande veel hoër as die ander ouderdomsgroepe is. (2)


3.3.2 Die kleuterskool het 35 kinders waarvan nege in die ouderdomsgroep 3 maande tot 1 jaar en 6 maande is, tien in ouderdomsgroep 1 jaar en 7 maande tot 3 jaar 6 maande en die res in die ouderdomsgroep 3 jaar en 7 maande tot 5 jaar.

Bereken die kleuterskool se inkomste vir een jaar indien geen kinders onttrek het nie.

(5)  
[18]

## VRAAG 4

4.1 Hieronder is 'n uittreksel van 'n kaart van Soweto. Bestudeer die kaart en beantwoord die vrae wat volg.



4.1.1 Beskryf die roete wat jy sal neem, met geografiese rigtings, indien jy vanaf Johannesburg se SSK (CBD) na Carltonville moet reis. (4)

4.1.2 Skryf die grafiese skaal (lynskaal) as 'n eenheidskaal. (3)

4.2 4.2.1 In Desember 2017 was die aantal toeriste wat Soweto besoek het, 1,5 miljoen. Hierdie was 'n toename van 6,25% vanaf Desember 2016. Bereken die aantal toeriste wat Soweto in 2016 besoek het. (3)

4.2.2 Gee EEN moontlike rede waarom meer mense Soweto in Desember as in enige ander maand besoek. (2)

[12]

**TOTAAL: 75**

# Memo

VRAAG 1 [25 punte]			
Vr.	Oplossing	Verduideliking	OW en Vlak
1.1.1	$A = R2\ 923,25 + R224,00 + R1\ 182,00 + R1\ 875,00$ $= R6\ 204,25 \quad \checkmark A$ $B = R6\ 204,25 + R18\ 795,75 \quad \checkmark MCA$ $= R25\ 000 \quad \checkmark CA$	<p>1M Tel aftrekkings op</p> <p>1A Totale aftrekkings (2)</p> <p><b>CA vanaf (A)</b></p> <p>1MCA Optelling</p> <p>1CA Bruto salaris/ Basiese Salaris (2)</p>	F V2
1.1.2	<p>% Pensioen aftrekking</p> $= \frac{1\ 875}{25\ 000} \checkmark MCA \times 100\% \quad \checkmark M$ $= 7,5\%$	<p><b>CA vanaf 1.1.1 (B)</b></p> <p>1MCA Korrekte waardes</p> <p>1M Vermenigvuldig met 100 (2)</p>	F V2
1.1.3	<p>Salarisstrokio No: 75</p> $\text{Jare} = \frac{75}{12} \quad \checkmark MA$ $= 6,25 \text{ jare} \quad \checkmark A$ <p>Maande = 0,25 × 12</p> $= 3 \text{ maande} \quad \checkmark MCA$ <p>∴ 6 jaar en 3 maande <math>\checkmark CA</math></p>	<p>1MA Deel deur 12</p> <p>1M Aantal jare</p> <p>1MCA Herlei desimale deel na maande</p> <p>1CA Jare en maande (4)</p>	F V3
1.1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Privaatheid <b>OF</b></li> <li>• Vertroulikheid <math>\checkmark \checkmark A</math> <b>OF</b></li> <li>• Bedrog <math>\checkmark \checkmark A</math></li> </ul>	<p>2A Rede</p> <p>(2)</p>	F V4
1.1.5	<p>Nuwe salaris = R25 000 × 1,064</p> $= R26\ 600 \quad \checkmark MCA$ <p>Nuwe belastingbedrag = R2 923,25 + R175,00</p> $= R3\ 098,25 \quad \checkmark MA$ <p>Nuwe pensioen = R1 875,00 + R120,00</p> $= R\ 1\ 995 \quad \checkmark MA$ <p>Netto salaris = R26 600 – (R3 098,25 + R 1 995 + R224,00 + R1 182,00)</p> $= R26\ 600 – R6\ 499,25 \quad \checkmark MCA$ $= R20\ 100,75 \quad \checkmark CA$ <p>Verskil in netto salaris = R20 100,75 – R18 795,75</p> $= R1\ 305,00 \quad \checkmark CA$ <p>Bewering waar <math>\checkmark O</math></p>	<p><b>CA vanaf 1.1.1 (B)</b></p> <p>1MCA Nuwe salaris</p> <p>1MA Nuwe Belasting</p> <p>1MA Nuwe Pensioen</p> <p>1MCA Aftrekking</p> <p>1CA Nuwe Netto salaris</p> <p>1CA Verskil</p> <p>1O Geldig (7)</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 2px; width: fit-content;"> <p><b>Geen punt vir opinie sonder berekeninge</b></p> </div>	F V4

1.2.1	Oppervlakte van basis = Lengte × Breedte = 100 cm × 35 cm ✓SF = 1 m × 0,35 m ✓C = 0,35 m <sup>2</sup> ✓CA	1SF Korrekte lengte en breedte 1C Herlei na m 1CA Oppervlakte in m <sup>2</sup> (3) <b>Penaliseer vir verkeerde eenheid in finale antw.</b>	M V3
1.2.2	Hoogte van sand = 0,75 × 70 cm = 52,5 cm ✓S ≈ 53 cm ✓R	1MA 75% van 70 1S Vereenvoudiging 1R Naaste cm (3)	M V2
		[25]	
<b>VRAAG 2 [20 punte]</b>			
<b>Vr.</b>	<b>Oplossing</b>	<b>Verduideliking</b>	<b>OW en Vlak</b>
